# DIE BOEK

## Week 5 – Die groot verdrukking (Open.6-19)



# OPENBARING

# Die Bybel gee ‘n klomp informasie oor die 7 jaar van die verdrukking.

- Daniel 10- 12
- Sefanja 1-3
- Jesaja 2:6-22; 24
- Mattheus 24
- Openbaring 6-19 (14 Hoofstukke)



Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.  (Mat. 24:21 AOV)

This is going to be trouble on a scale beyond what the world has ever seen, or will see again.  (Mat. 24:21 MSG)



3. Die wêreldheerser die antichris (witperd) tree na vore Open.6:2

4.Politieke vredesverdrag tussen Israel, Arabiese lande en wêreld, Dan.9:27

4.Herbou van die Tempel, Mat.24:15, Open.11:1



Die sewe trompette (Openb. 8–11):

Waarskuwingsoordele, wat mense oproep tot bekering. Rampe wat die aarde, see, riviere, hemel en mensdom tref; demoniese magte word losgelaat; maar die wêreld bekeer hulle nie.



## Die sewe bakke van oordeel (Openb. 15–16)

Finale en meer intense oordele oor die wêreld – lyding, ekonomiese ineenstorting, natuurlike rampe, die slag van Armageddon. Finale oordele, geen genade meer – God se toorn word voltooi.



# 2. Wie die rolspelers is (Openb.12-13)

- Die draak (Satan): Die groot teenstander, die ou slang.
- Die dier uit die see: ’n wêreldleier of politieke sisteem wat mag en beheer uitoefen.
- Die dier uit die aarde (valse profeet): Verteenwoordig ’n godsdienstige sisteem wat die mensdom mislei om die dier te aanbid.



# Antichris

En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. (Open.13:1-3 AOV)

# Valse profeet

En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Open.13:11-14 AOV)



- Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Mat 24:24 AOV)

- Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Mark. 13:22 AOV)



## Eerste seël 6:1-2

En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n wit perd. En hy wat daarop sit, het ‘n boog; en aan hom is ‘n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ‘n oorwinnaar en om te oorwin.  (Open. 6:2 AOV)



# Antichris x 4 keer – Politieke – ekonomiese bevryder-leier valse messias/god van die toekoms

**Die Titels**

- Klein horing Daniel 7:8
- Vors Dan.9:26
- Koning Dan.11:36
- Mens van sonde 2 Thes.2:3
- Seun van die verderf 2 Thes.2:3
- Antichris 1 Joh.2:18,22
- Ruiter van die wit perd Open.6:2
- Dier Open. 13:1-10



- Kom uit die see op – Mensdom
- Sewe koppe – die verlengstuk 7 regerings, Egipte, Assirie, Babelonie, Mede en Perse, Griekeland, Romeine, Antichristiese regering
- Tien horings en tien tone – Tien konings, regerings in laaste dae
- Op die koppe die naam van godslastering – Domitianus: Dominus et Deus noster – ons Here en ons God.

- Luiperd, beer pote, leeu bek en die krag van ‘n draak en troon Daniel.7 (leeu= Romeine, Luiperd= Griekeland Alexander die grote, Beer = Mede en Perse. In teenoorgestelde orde in Daniel. Johannes kyk terug
- Dodelike wond vers 3
- Aanbidding vers 4 – Niemand vergelykbaar met of teen dit veg nie
- Godslastering in mond vir 42 maande vers 5-6
- Oorlog teen heiliges vers 7



| Christus | Antichris |
|---|---|
| **Seun van God Joh.1:34** | Seun van die verderf 2 Thes.2:3 |
| **Heilige een Mark.1:24** | Wettelose een 2 Thes.2:3 |
| **Kom van die Hemel Joh.3:13** | Kom van die bodemlose put Open.11:7 |
| **Bekragtig deur die HG. Luk.:14** | Bekragtig deur Satan Open.13:4 |
| **Doen die Vader se wil Joh.6:38** | Doen sy eie wil Dan.11:36 |
| **Reinig die tempel Joh.2:14-16** | Ontreinig die tempel Mat.24 |
| **Man van hartseer Jes.53:3** | Man van sonde 2 Thes.2:3 |
| **Verneder Homself Fil.2:8** | Verhoog homself Dan.11:37 |
| **Word die lam genoem Joh.1:36** | Word die dier genoem Open.11:7 |
| **Word in die Hemel opgeneem Luk.24:51** | Word na die hel gestuur Open.19:20 |

# Ander skrifte

Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was ‘n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad. Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar ‘n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en ‘n mond wat groot dinge spreek. (Dan 7:7-8 AOV)

# Daniel 11:36-45

Hy ...

- ... gaan ‘n koning wees wat doen wat hy wil.
- ... gaan homself bo god stel en verskriklike dinge sê
- ... gaan suksesvol wees
- ... gaan geen aantrekking tot vroue hê nie
- ...  aanbid god mediators
- ... gaan gehelp word deur ‘n vreemde god (satan)
- ... gaan in botsing kom net die konings van die suide en noorde en hy sal oorwin.
- ... gaan baie magtig wees
- ... gaan ‘n groot paleis bou
- ... gaan aan sy einde kom en niemand sal hom kan help nie



# Valse profeet – godsdienstige leier van die toekoms 3 x genoem  16:13, 19:20, 20:10

- Sal heiliges mislei Mat.24:24
- Uit die aarde – Opgestaan?
- Anti-gees in die hel Open.20:10
- Verheerlik die dier en lei aanbidding
- Doen tekens soos vuur van die hemel af
- Seel mense merk van die dier
- Beeld maak gees aan die beeld gee sodat kan praat




# Die sewende seël en sewe trompette 8:1-9:21



'Toe die Lam die sewende seël oopbreek, het daar stilte in die hemel neergedaal, ongeveer ’n halfuur lank. Ek het toe die sewe engele gesien wat voor God stelling inneem. Aan hulle is sewe trompette gegee. ’n Ander engel het nadergekom en by die altaar gaan staan. Hy het ’n goue wierookbak vasgehou. Baie reukwerk is aan hom gegee om dit te meng met die gebede van almal wat aan God toegewy is , en om dit te offer op die goue altaar wat voor die troon staan. Die rookwolk van die reukwerk wat deur die engel geoffer is, is gemeng met die gebede van hulle wat aan God toegewy is , en het opgestyg voor God. Toe het die engel die wierookbak geneem, dit vol gemaak met die vuur van die altaar af en dit op die aarde uitgegooi. Donderslae, rammelinge, weerligstrale en ’n aardbewing het toe daarop gevolg. '

OPENBARING 8:1-5



# Openbaring 8 – Die sewe trompette

- **Samevatting van die Betekenis**
- Die **eerste vier trompette**: oordele oor die **skepping** (grond, see, water, hemelligte).
- Die **vyfde en sesde trompette**: oordele oor die **mensdom deur demoniese en militêre magte**.
- Die **sewende trompet**: die **aankondiging van Christus se finale oorwinning** en die koms van God se koninkryk.



Sewe laaste bakke van die wraak van God wat op die aarde uitgegooi word 15:1-16:21

**Die lied van Moses en die Lam 15:1-4**

**Die sewe engele met die laaste plae 15:5-8**

**Uitgiet van die sewe bakke van wraak 16:1-21**



# Sewe engele en sewe plae

En ek het ‘n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. (Open.15:1 AOV)



# Sewe bakke word op die aarde uitgegooi

- 1- Bose swere op mense wat die antichrist aanbid
- 2- See in bloed en alles is dood
- 3- Riviere en fonteine in bloed
- 4- Son verskroei die mense
- 5- Uitgegooi op die troon van die dier en koninkryk is verduister
- 6- Eufraat het verdroog
- 7- Aardbewing en hael



- God is soewerein oor die geskiedenis.
- Hy laat lyding en oordele toe as deel van Sy regverdigheid, maar gee ruimte vir bekering.
- Uiteindelik word boosheid volkome vernietig en God se koninkryk volledig gevestig.

OPENBARING

# Wederkoms



# A. Die menigte in die hemel juig  19:1-10

- 4 Halleluja's Hallel (Prys) Jah (Jahwe/Jehova)
  - 1.Redding
  - 2.Oordeel regverdig
  - 3.Aanbidding vir die een op die Troon
  - 4.Koningskap van Jesus Christus, die bruilof van die Lam en die Wederkoms



# Bruilof van die Lam- Joodse tradisionele troue vier stadiums:

1.Ooreenkoms (Kiddushin) – Verlowing, (Ef. 1:4 AOV)

2.Voorbereiding Tien maagde Mat.25

3.Gaan haal van die bruid op ‘n tyd wat sy dit nie verwag nie Matt.25; Joh 14:3

4.Bruilofsfees. Op pad terug vergader mense en vriende vir die bruilofsfees. Open.19


# Wederkoms 19:11-21

- Groot tema in die Bybel
  - 300 In die OT (23145 verse)
  - 330 In die NT (7957 verse) 1/25
- Eerste koms as lydende dienskneg op die rug van ‘n donkie Sag.99
- Tweede koms as heersende koning op die rug van ‘n perd Open.19
- Tydperk waarin Jesus die wereld betree, einde maak aan die demoniese drie eenheid vernietig, die begin van die Millenium, groot oordeel,  en ewigheid.

Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. Sag.14:1-5 AOV)



Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. (Open.19:11-19 AOV)






- Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. (Mat 24:27-28 AOV)

- En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. (Mat 24:29-30 AOV)


- Na die verdrukking
- Almal sal sien
- Rou deur mense wat Messias verwerp het Mat.26:62
- Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. (Mat 26:64 AOV) Klere geskeur hoekom?
- Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.(Dan 7:13-14 AOV)

# Open.19:11-13

- Ry op ‘n wit perd
- Word genoem Getrou en Waaragtig,
- Oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
- Oë was soos ‘n vuurvlam
- Op sy hoof was baie krone;
- Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
- Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was,
- Sy Naam is: Die Woord van God.
- Uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard
- Hy regeer met ‘n ysterstaf
- En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.




Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot ‘n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. (Sag. 14:2-4 Afrikaans OV)



# Tweede maaltyd

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met ‘n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God  (Open. 19:17 AOV)

- En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees. (Open.19:21 AOV)



# Eerste twee mense beland in die hel

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. (Open.19:20 AOV)

